Veertig jaar in die Wildernis. Woestyngebeure. *Ita Schulze*

In die omgewing van Kades-Barnéa het die Israeliete vir agt-en-dertig jaar rondgetrek met hulle vee. Abraham het ook in die landstreek vertoef voor Jakob en sy kinders na Egipteland getrek het tydens die hongersnood lank voor die Eksodus. By Gerar het hy as vreemdeling gewoon. En by Berseba het hy 'n ooreenkoms aangegaan met Abimélech die koning van Gerar oor die gebruik van 'n waterput. Genesis 21: 22 en verder. Berseba word aangedui noord van Kades-Barnéa en effe noord van die put Lachai-Roi waar Hagar 'n waterput in die woestyn gevind het. Dit word aangedui as Be-er Lachai-Roi wat beteken *'Put van Hom wat my sien'*. Genesis 16: 13. Die naam Berseba kan in twee gedeel word. Be-er beteken put of uitgrawing en Seba beteken ooreenkoms of verbond of eed, dit beteken ook sewe. Abraham het sewe ooilammers aan Abimélech gegee in 'n verbond. Die Berseba is geleë teen die hang van 'n vlak wadi en water was uiters skaars sodat mense nie met graan kon boer nie slegs met vee.

Nog later het Isak en Rebekka ook in Gerar gewoon. Genesis 26. Hier het God ook aan Isak bevestig dat Hy hierdie land aan hom en sy nageslag sal gee, Genesis 26: 3. Terwyl die volk in die woestyn gewag het om na Kanaän te vertrek het Moses twaalf hoofmanne uitgestuur om die land te verken. Volgens sy voorskrif moes hulle op die berge klim om te sien hoe die land en die mense lyk. Hulle het weggetrek uit die woestyn van Sin tot by Rehob suid van die see van Galilea en verby die see tot bo aan die noordekant by die ingang van die land van Hamat. So het hulle deur die lande van die Amalekiete, Fillistyne, Ammoriete, Fenisiërs en ander volke getrek. Van die bergtoppe af is die hoeveelheid mense en hulle gewoontes bespied. Hulle het opgelet na die vrugbaarheid en bewoonbaarheid van die lande en met hierdie inligting na Moses teruggekeer.



Die kaart links toon die moontlike roete van die twaalf verspieders. Regs is 'n afbeelding van die berge wat hulle moes uitklim om die land te verspied.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 35, nr 13 Sondag 21April 2019
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte. Ouderlinge: Wyk D1 **Tom Chambers** D2 **Banie Boneschans.**
Diakens wyke D1 en D2 is **vakant.**
Diens by Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van D1 en D2
Bussiediens: Vandag ry **Willem van Heerden** 076 450 0562
Sondag **28 April** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

PAASSONDAG Opstandingsondag:
OGGEND: **Skrifgedeelte:** Mattheus 27: 55 - 28: 15.
Fokusgedeelte: Mattheus 27: 66
TEMA: ***Geen mag kon Christus in die graf vaskluister nie.***
SING: Psalm 66: 1, 2; Psalm 130: 1 – 4; Psalm 123: 1, 2;
Skrifberyming 10: 1- 6

AAND: Skrifgedeelte: Mattheus 27: 37 - 54
Fokusgedeelte: Mattheus 27: 52, 53
TEMA: ***Geen mag kan God se kinders meer in die graf vaskluister nie.***
SING: Psalm 100: 1 – 4; Psalm 113: 1 – 3; Psalm 16: 4, 5

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vanoggend vir **Barmhartigheid**. By deure vir **Die Kerkblad.** Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **GKSA Sustentasiefonds.**

Dagboek
21 Apr: **PAASSONDAG**
22 Apr: **Gesinsdag**
26 Apr: **Gemeente-aand en hamburgers**

KATEGESE
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.
Sondag 28 April moet julle **Les 10** en **Psalm 119: 39A** leer.
Maandag 28 April lees *Laat my lammers wei.* Hoofstuk 77.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.



VERGADERINGS
29 April: Kerkkampkommissie vergader om 18:00 in die kerkkantoor

LIEF EN LEED

Ons is die Here baie dankbaar dat Hy nog 'n verbondskindjie aan ons gemeente gegee het. Dinsdag is klein **Mieke Kent** vir **Terence en Melissa** gebore.
Ons dank die Here saam met Terence, Melissa en Nathan en ook saam met Terence en Heidi Kent - klein Mieke se oupa en ouma wat ook in ons gemeente is.

Minke Kruger is opgeneem met longontsteking in Medi-Clinic. Ons is dankbaar dat daar verbetering is. Ons dra Minke en Gert 082 699 6591 aan die troue sorg van die Here op.

Marilena Theron 082 789 3420 is ontslaan uit Medi-Clinic. Ons bid haar volkome herstel toe.

Dana Du Plessis 082 467 6069 moet nog vir verskeie ondersoeke gaan voordat hy geopereer word in 'n poging om 'n gewas in sy rugmurg te verwyder. Ons wil vir hom en Wilmarie in besonder aan die Here opdra in hierdie spanningsvolle tyd.

Ons wil ook graag in ons gebede dink aan twee van ons lidmate wat inwoners is by Groen Wilgers. **Hentie de Wet** is Jan de Wet se pa en sy gesondheid is van so aard dat hy skaars in die eredienste kan kom. **Tienie Venter** is aan meeste van ons goed bekend, maar sy kan deesdae ook maar selde in die erediens kom.

Ons dink ook aan **Fedde Martens** wat onlangs 87 jaar oud geword het. Sy gesondheid het ongelukkig die afgelope tyd baie versleg. Ons dra sy dogters wat hom versorg, Silvia en Wymie, in ons gebede aan die Here op.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens elke doop- en belydende lidmaat wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met sy/haar verjaardag:

21 April **Carma van Niekerk,** Fickhuis 1, ☎ 073 457 5323. Wyk A3
23 April **Koos Nortjé,** Plaas Boshoek, ☎ 079 760 3602. Wyk E4
24 April **Johan Kruger,** Mozartweg 1, ☎ 083 306 0224. Wyk A3
Lappies Labuschagne, The Willows 5, ☎ 084 318 5949.Wyk A1
Machiel Oosthuizen-van Tonder, Rivierstraat 22. Wyk A5
25 April **Ami du Toit,** Malvastraat 119, ☎ 076 576 7204. Wyk A4
26 April **Magda Viljoen,** Plot 227, ☎ 079 408 2835. Wyk A7

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** Sondag 14 April 2019 was R 6 920.
Die kollekte ten bate van **Teologiese studentekas** was R 2 110.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
26 April 2019

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
R 25 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Laerskool Koningskindersaksie
26 April 2019 vanaf 13:30 tot 17:00. (13:00 indien jy wil help met vervoer)
Waar? Gereformeerde Kerk Cachet

SUSTERS: 7 Mei: Chris van Ryssen praat oor die gebruik van medisyne en die gevolge daarvan Dinsdagaand 7 Mei om 18:30 in ons kerksaal.